

21.2 BESKRYWINGSPUNT VAN GK CARLETONVILLE AANGAANDE KERKE WAARMEE DIE GKSA EKUMENIESE EENHEID EN BANDE HET OF IN GESPREK MEE IS WAT NIE IN LYN IS MET SINODEBESLUIE OOR VROUE IN DIE BESONDERE DIENSTE VAN PREDIKANT EN OUDERLING NIE (Artt 34, 108)

21.2 POINT OF DESCRIPTION OF GK CARLETONVILLE REGARDING CHURCHES WITH WHOM THE GKSA HAS ECUMENICAL UNITY AND TIES OR ARE IN DISCUSSIONS WITH WHICH IS NOT IN LINE WITH DECISIONS REGARDING WOMEN IN THE SPECIFIC OFFICES OF MINISTER AND ELDER (Arts 34, 108)

- A. Die voorsitter, ds P Venter, vra advies van die vergadering of die Moderamen saam met die Ordekommissie nie eers moet besin oor hoe 21.2 tot 21.6 van die Agenda hanteer moet word nie.
The chairman, Rev. P Venter, seeks advice from the meeting whether the Moderamen, together with the Order Commission, should not discuss how 21.2 to 21.6 of the Agenda should be handled.
- B. **Besluit:** Die vergadering besluit om die Beskrywingspunt te laat stel en inligtingsvrae toe te laat en dan die saak na die Kommissie te verwys om die Sinode oor die Beskrywingspunt – in samehang met die ander sake – te adviseer.
Decision The meeting decides to have the proposal tabled and allow informative questions and then refer the matter to the commission to advise the Synod on the Proposal – in conjunction with the other matters.
- C. Ds S le Cornu stel die Beskrywingspunt
Rev. S le Cornu tables the Point of description.
- D. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Kerkregtelik 2.
Decision: The Point of Description is referred to Commission Church Polity 2.
- E. Dr PJ Venter rapporteer namens Kommissie Kerkregtelik 2.
Dr PJ Venter reports on behalf of Commission Church Polity 2.

F. BESKRYWINGSPUNT / POINT OF DESCRIPTION

<p>Beskrywingspunt van GK Carletonville aangaande kerke waarmee die GKSA ekumeniese eenheid en bande het of in gesprek mee is (Binne en Buitelands), wat nie in lyn is met die Algemene Sinodes van 2009, 2015, 2016, 2018 se besluite op grond van Skrif, oor vroue in die besondere dienste van predikant en ouderling nie.¹</p>	<p>Point of Description of GK Carletonville regarding churches with whom the GKSA has ecumenical unity and ties or are in discussions with (National and International), which is not in line with decisions of the General Synods of 2009, 2012, 2015, 2016, 2018 which was made based on Scripture, regarding women in the specific offices of minister and elder.</p>
<p>1. Die komende Algemene Sinode besluit dat: 1.1 toekomstige ekumeniese eenheid en bande nie gesoek sal word in stryd met wat ons kerke saam besluit het oor die besondere ampte nie, naamlik dat susters nie as predikante en</p>	<p>1. The coming General Synod decides that: 1.1 future ecumenical unity and ties not be pursued that would be in contradiction with that which we as churches decided together with regards to the specific offices, namely that women may not be</p>

¹ Die Afrikaanse weergawe is die oorspronklike. Indien daar vanuit die Engelse vertaling 'n alternatiewe verstaansmoontlikheid oor 'n saak of gedeelte ontstaan word die Afrikaanse weergawe se verstaan as die verstek-verstaan geneem.
The Afrikaans version is the original. If there is an ambiguous meaning derived from the English translation regarding a matter or part thereof, the Afrikaans version's understanding will be taken as the default-understanding.

<p>1.2 ouderlinge bevestig mag word nie, en dat daar 'n duidelike profetiese getuienis sal uitgaan aan kerke waarmee huidige ekumeniese eenheid en bande is dat ons nie daardie eenheidsbande sal kan aanhou onderhou as hulle susters as predikante en ouderlinge bevestig nie, maar dat ons eenheid soek en wil handhaaf in lyn van die leerbesluite wat ons oor die besondere ampte geneem het volgens die Skrif, saam met kerke wêreldwyd wat ook so besluit het.</p>	<p>1.2 ordained as ministers and elders, and that a clear prophetic witness be made to churches with whom there is current ecumenical unity and ties that we would not be able to continue to maintain the unity if they ordain women as ministers and elders, but that we will seek and maintain unity with churches worldwide in line with the doctrinal decisions that we made regarding the specific offices according to Scripture.</p>
<p>2. Motivering</p>	<p>2. Motivation</p>
<p>2.1 Ons Algemene Sinodes het volgens die Skrif, Belydenis, en Kerkorde, besluit en dit gehandhaaf dat susters nie in die besondere dienste van predikant en ouderling mag verkies en bevestig word nie.</p>	<p>2.1 Our General Synods decided according to Scripture, Confessions, and Church Order, that we hold to the belief that women may not be called to or ordained in the specific offices of minister and elder.</p>
<p>2.2 Die kerkverband het ook saam besluit by die Algemene Sinode van 2015, dat die saak 'n wesentlike saak is wat ons gemeentes saam moet onderhou.</p>	<p>2.2 The church also decided together at the General Synod of 2015, that this matter is a principle matter which we as congregations should uphold together.</p>
<p>2.3 Daarom is dit vanselfsprekend dat ons eenheidsbande sal onderhou en soek met kerke wat saam ons hierdie Bybelse wesentlike saak van wie in die besondere dienste van predikant en ouderling mag dien handhaaf.</p>	<p>2.3 It therefore follows that we shall seek and uphold unity with churches that share and holds with us this same view of this scripturally-principle matter of whom may serve in the specific offices of minister and elder.</p>
<p>2.4 God is 'n God van orde en nie wanorde nie (1 Kor 14:32-40), en wil dat <i>'alles welvoeglik en ordelik toegaan'</i>, ook en veral in die regering van sy Kerk. Dit wat die Here beveel en ons Sinodes saam oor besluit het, (dat vroue nie as ouderlinge en predikante mag verkies en bevestig word nie) geld nie net vir elke plaaslike gemeente in ons kerkverband nie, maar dan ook vir elke plaaslike gemeente en kerke saam in kerkverband waarmee ons eenheidsbande het of soek (kyk 1 Kor 14:32, 36 waar die besluite nie net geld vir die Korinte gemeente nie, maar vir al die kerke, daarom 'gemeentes' meervoud).</p>	<p>2.4 God is a God of order and not of disorder (1 Cor 14:32-40), and wills that <i>'all things should be done decently and in order'</i>, also and especially in the governance of his Church. That which the Lord commands and our Synods together decided, (that women may not be elected and ordained as elders and ministers) does not only pertain to each local congregation, but for every local congregation together with all churches in denomination with whom we have or seek unity (see 1 Cor 14:33, 36 where decisions are not only applicable to the congregation of Corinth, but for all churches, therefore the plural 'churches').</p>
<p>2.5 Indien ons in ons eie kerkverband of eenheidsbande met ander kerke (binne- en buitelandse) afwykende sienings oor of praktyke in ons kerkregering toelaat, dan leer ons daarmee dat God 'n God van wanorde</p>	<p>2.5 If within our own denomination or within churches with whom we share unity (local or international) there are wayward views or practices with regards to governance of the church, we thereby teach that God is a God of disorder and</p>

<p>en onweloweglikheid is, soos 1 Kor 14:36 oproep: <i>“Of het die woord van God van julle uitgegaan, of het dit tot julle alleen gekom?”</i></p> <p>Al die gemeentes van die ‘kerkverband’ (soos dit die geval was met Hand 15 se besluite), moes ook hierdie ‘bevele van die Here’ oor die vrou <i>“om onderdanig te wees”</i> onderhou (v34), soos die bevele van die Skrif en gehandhaaf deur ons Sinodes oor hierdie saak ook orderlik onderhoud moet word, anders eindig dit in onvrede, onweloweglikheid en onordelikheid onder die kerke.</p> <p>2.6 Uit ‘n missionêre-evangelie verkondigende perspektief (v23,24), lei die evangelie van Christus dan groot skade, indien elke gemeente maar self besluit ‘of die vrouens in die spesifieke ampte gaan dien of nie’. Dit moet as waarskuwing dan ook geld vir ekumeniese eenheidsbande met ander kerke. Wanneer weersprekende leringe oor kerkregering toegelaat of verdra word, word lidmate en kerke verwar oor wat nou die ware kerkregering is of nie wat die evangelie moet dien; wat die Here beveel het vir sy kerke, of nie; of God dan 'n God van wanorde is of nie.</p> <p>3. Aanbevelings</p> <p>3.1 In lyn met ons Sinode se leerbesluite vanuit die Skrif oor hierdie wesentlike saak kan ons kerkverband nie ekumeniese eenheidsbande aanhou onderhou, handhaaf en soek met gemeentes en kerkverbande wat susters as ouderlinge en/of predikante bevestig en dit wil aanhou handhaaf in stryd met die Skrif nie.</p> <p>3.2 Alle gemeentes en kerkverbande waarmee ons tans in eenheidsbande en gesprekke is, word opgeroep om hul besluite oor hierdie wesentlike kerkregering saak in lyn met die Skrif te bring, sodat ons saam kan regeer en vergader tot eer van God en die heil van ons gemeentes en kerkverbande wêreldwyd.</p>	<p>obscenities, as 1 Kor 11:36 admonishes: <i>“Or was it from you that the word of God came? Or are you the only ones it has reached?”</i></p> <p>All the congregations of the ‘denomination’ (as was the case in the decisions of Acts 15), had to submit to and keep these ‘commands of the Lord’ regarding the women <i>“should be in submission”</i> (v34), as the commands of Scripture as held by our Synods regarding this matter is also orderly adhered to, otherwise it will end up in disparity, obscenities, and general disorderliness among the churches.</p> <p>2.6 From a missional-evangelical ministering perspective (v 23,24), the gospel of Christ is dealt a great blow when each congregation can decide for themselves ‘whether women may serve in the specific offices or not’. This should serve as a warning also for ecumenical ties and unity with other churches. When contradicting teachings on church governance is allowed and abided, members and churches are confused on which is now the true governance of the church that has to serve the gospel; what has or hasn’t the Lord commanded for his churches; is God then a God of disorder or not.</p> <p>3. Recommendations</p> <p>3.1 In line with our Synod’s doctrinal decisions from Scripture regarding this principle matter our denomination cannot continue to uphold or strive for ecumenical unity or ties with congregations and denominations which ordain women as elders and/or ministers and continue to do so in disobedience to Scripture.</p> <p>3.2 All congregations and denominations with whom we currently hold unity, ties, and discussions are called to bring their decisions in this matter of church governance in line with Scripture, so that we can govern and meet together to the honour of God and the wellbeing of our congregations and denominations worldwide.</p>
---	--

**G. RAPPORT: KOMMISSIE KERKREGTELIK 2
REPORT: COMMISSION CHURCH POLITY 2**

<p>1. Opdrag Beskrywingspunt – 21.2. Besluit: Kennis geneem.</p> <p>2. Werkswyse 2.1 Die Kommissie het die die Beskrywingspunt bespreek: 2.1.1 Die Beskrywingspunt handel oor kerke met wie die GKSA moontlik toekomstige ekumeniese eenheid of bande kan hê (Binne- of Buitelands) wat besluite/praktyke het wat nie ooreenstem met die Algemene Sinodes van 2009, 2015, 2016 en 2018 se besluite oor vroue in die besondere dienste van ouderlinge of predikante nie. 2.1.2 Die Beskrywingspunt beveel aan dat die Algemene Sinode besluit dat geen toekomstige ekumeniese eenheid of bande gesoek sal word met kerke wat nie ooreenstem met wat ons kerke saam besluit het aangaande die besondere ampte nie, nl. dat susters nie in die ampte van ouderling of predikant bevestig mag word nie. Die Beskrywingspunt vra ook dat 'n duidelike profetiese getuienis sal uitgaan na kerkverbande wat vroue in die diens van ouderling en predikant bevestig het. Besluit: Punte 2.1 tot 2.1.2 kennis geneem.</p> <p>3. Beredenering 3.1 Die Kommissie is van mening dat die reeds goedgekeurde Beskrywingspunt insake binding aan Sinodebesluite oor die vrou in die besondere ampte van ouderling en predikant eers afgehandel moet word voordat aandag aan hierdie Beskrywingspunt (21.2) gegee kan word. 3.2 Die Deputate Ekumene: Binne- en Buitelands het 'n welomskrewe opdrag om voortdurend profetiese getuienis in ekumeniese gesprekke te lewer. Om tot ekumeniese gesprekke toe te tree met slegs kerkverbande wat ooreenstem met die GKSA se besluite oor vroue in die amp van ouderling en predikant, verskraal die profetiese</p>	<p>1. Assignment Point of Description – 21.2. Decision: Noted.</p> <p>2. Modus operandi 2.1 The Commission discussed the Point of Description: 2.1.1 The Point of Description concerns churches with whom the GKSA may have future ecumenical unity or ties (Domestic or Foreign) that have decisions/practices that are not consistent with decisions of the General Synods of 2009, 2015, 2016 and 2018 regarding women in the particular services of elders or ministers. 2.1.2 The Point of Description recommends that the General Synod decide that no future ecumenical unity or ties will be sought with churches that do not correspond to what our churches have decided together regarding the particular offices, viz. that sisters may not be confirmed in the offices of elder or minister. The proposal also calls for a clear prophetic witness to go out to church affiliations that confirmed women in the service of elder and pastor. Decision: Points 2.1 to 2.1.2 noted.</p> <p>3. Reasoning 3.1 The Commission is of the view that the approved Point of Description regarding binding to Synod decisions on women in the particular offices of elder and minister must first be concluded before attention can be given to this Point of Description (21.2). 3.2 The Ecumenical Deputies: Domestic and Foreign have a well-defined commission to continually bear prophetic witness in ecumenical discourse. To only enter into ecumenical discussions with church affiliations consistent with the GKSA's decisions on women in the office of elder and minister, narrows the</p>
---	---

<p>stem van die Deputate Ekumene tot slegs een kwessie. Besluit: Punte 3.1 en 3.2 kennis geneem.</p> <p>4. Bevinding 4.1 Dat aan die Beskrywingspunt nie gevolg gegee kan word nie. Besluit: Goedgekeur.</p>	<p>prophetic voice of the Ecumenical Deputies to only one issue. Decision: Points 3.1 and 3.2 noted.</p> <p>4. Finding 4.1 That the Point of Description cannot be accepted. Decision: Approved.</p>
--	--